

HOOFSTUK 5: JEUGRADE

1. INLEIDING

Die volgende jeugrade bestaan binne *Die Voortrekkers* en word hier verder omskryf:

- Kommandojeugraad - Kommando
- Oordjeugraad - Oord
- Gebiedsjeugraad - Gebied
- Nasionale Jeugraad - Nasionaal

2. KOMMANDOJEUGRAAD (Alternatief tot Grondwet artikels 22.2.2 tot 22.2.6)

2.1 Samestelling

Die kommandojeugraad bestaan uit:

- 2.1.1 Een of meer Verkenner kommandojeugleier(s) soos deur kommandobestuur bepaal.
- 2.1.2 Penkop- en Drawwertjie jeugleiers soos deur kommandobestuur bepaal.
- 2.1.3 Spanleiers en adjunkspanleiers van al die Verkennerspanne en Graad sewe (7) spanne indien van toepassing.
- 2.1.4 'n Lid van die kommandobestuur word deur die kommandobestuur as voog aangewys.

2.2 Doel van kommandojeugraad

- 2.2.1 Om as skakel te dien tussen die jeuglede, kommandojeugraad, kommandobestuur, oordjeugraad (indien van toepassing) en gebiedsjeugraad.
- 2.2.2 Om as spreekbuis van die kommando se jeuglede op te tree.
- 2.2.3 Om deel te neem aan besluite wat tot voordeel van die betrokke Voortrekkerkommando, oord, gebied en *Die Voortrekkers* is.
- 2.2.4 Om aktiwiteite vir die jeuglede te beplan en te organiseer in samewerking met die kommandobestuur.

2.3 Vergaderings

- 2.3.1 'n Kommandojeugraad vergader minstens twee (2) keer per jaar.
- 2.3.2 Die oproep na die betrokke vergadering geskied deur die kommandojeugleier(s) volgens die datum op die jaarprogram of na oorlegpleging met die betrokke voog.
- 2.3.3 Een (1) van die verkose kommandojeugleiers tree as voorsitter van die vergadering op en die ander persoon as sekretaris. Indien daar nie 'n tweede kommandojeugleier is om op te tree as die sekretaris nie, moet daar 'n sekretaris aangewys word deur die voorsitter na oorlegpleging met die voog.

2.4 Die sakelys moet minstens die volgende insluit:

- 2.4.1 Sake wat deur die gebiedsjeugraad, oordjeugraad, offisiersraad, kommandobestuur en/of kommandodagbestuur verwys is.
- 2.4.2 Sake voortspruitend uit alle toepaslike notules.
- 2.4.3 Inligting uit omsendskrywes van toepassing op jeuglede.
- 2.4.4 Kennisgewings van en voorstelle vir aktiwiteite vir jeuglede.

2.5. Penkop- en Drawwertjie jeugleier

2.5.1 Vereistes

- a) Die Penkop- en Drawwertjie jeugleier moet 'n Graad sewe (7) leerder wees.
- b) Die pligte soos uiteengesit in die pligstaat moet verstaan en nagekom word.
- c) Opdragte word slegs van die kommandojeugleier en/of betrokke voog ontvang.

2.5.2 Minimum pligte vir Penkop- en Drawwertjie jeugleier

- a) Moet ten volle ingelig wees ten opsigte van die volgende:
 - i. Naam en van van elke Penkop/Drawwertjie spanleier /-ster
 - ii. Naam en van van elke Penkop/Drawwertjie spanoffisier.
- b) Moet kommandojeugraad vergaderings gereeld bywoon.
- c) Skakeling tussen die Penkop en Drawwertjie spanne en die Kommandobestuur in samewerking met die voog.

2.5.3 Keuringsproses

- a) Alle Graad ses (6) Penkop/Drawwertjies jeuglede kom bymekaar onder leiding van die voog.
- b) Elke lid teenwoordig kan een (1) kandidaat as jeugleier vir die Penkoppe en/of Drawwertjies nomineer.
- c) Die kandidate wat genomineer is word nou op 'n kortlys geplaas deur die voog.
- d) Die kommandodagbestuur kontroleer die nominasies.
- e) Die kandidate op die kortlys word genooi na 'n onderhoud met die Kommandodagbestuur en Graad ses (6) spanoffisiere.
- f) Na die onderhoude word die Penkop- en Drawwertjie jeugleiers deur die kommandodagbestuur en Graad ses (6) spanoffisiere aangewys.
- g) Die name van die verkose kommandojeugleiers word aan die kommandobestuur voorgelê vir goedkeuring.
- h) Die verkose Penkop- en Drawwertjie jeugleiers se name word aan die res van die Penkoppe en Drawwertjies bekendgemaak.

2.5.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Penkop- en Drawwertjie jeugleier word deur die kommandobestuur bepaal.

2.6 Kommandojeugleiers - Verkenners

2.6.1 Vereistes

- a) Die kommandojeugleier moet 'n senior Verkenner, verkieslik Graad tien (10) of elf (11), met die aanvang van die dienstermyn wees.
- b) Ten volle op hoogte wees van wat die pos en pligte soos in paragraaf 2.6.2 vervat behels.

2.6.2 Minimum pligstaat vir Kommandojeugleiers

- a) Bywoning van die kommandobestuursvergaderings.
- b) Bywoning van die oordjeugraadsvergaderings indien van toepassing .
- c) Beplanning, organisering en aanbieding van Verkenneraktiwiteite gedurende die jaar van hul termyn.
- d) Skakeling tussen die kommandojeugraad en die kommandobestuur in samewerking met die voog.
- e) Skakel met die betrokke gebiedsjeugleiers of oordjeugleiers ten opsigte van sake wat jeuglede raak met toestemming van die voog.
- f) Die kommandobestuur bepaal enige verdere funksies van die kommandojeugraad.

2.6.3 Kommandojeugleier stemproses

- a) Kandidate word genomineer deur die Graad agt (8) tot Graad twaalf (12) Verkenners.
- b) Die kandidate moet verkieslik in Graad tien (10) of Graad elf (11) wees.
- c) Die vergadering moet plaasvind onder leiding van die huidige kommandojeugleier(s)

- en voog.
- d) Alle Verkenners van Graad agt (8) tot Graad twaalf (12) kan deelneem aan die stemming.
 - e) Die kommandojeugleiers word met 'n meerderheidsstem verkies .
 - f) Die name van die verkose kommandojeugleiers word aan die Kommandobestuur voorgelê vir goedkeuring.

2.6.4. Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Kommandojeugleier word deur die kommandobestuur bepaal.

3. OORDJEUGRAAD (Opsioneel)

3.1 Samestelling

Die Oordjeugraad bestaan uit:

- 3.1.2 Oordjeugleier(s).
- 3.1.3 Kommandojeugleiers van kommando's binne die oord;
- 3.1.4 'n Voog in adviserende hoedanigheid soos deur die Oordbestuur bepaal.

3.2 Doel

- 3.2.1 Oordjeugleier(s) dien as skakel tussen die jeuglede van die betrokke oord en die oordbestuur.
- 3.2.2 Die Oordjeugleier(s) tree as spreekbuis van die betrokke Oord se jeuglede op.
- 3.2.3 Neem deel aan besluite wat tot voordeel van die Oord is.

3.3 Konstituering en vergaderings

- 3.3.1 Die betrokke adjunkoordleier roep alle kommandojeugleiers in die Oord op na 'n vergadering van die Oordbestuur en Oordjeugraad.
- 3.3.2 Die Oordjeugraad vergader apart van die Oordbestuur.
- 3.3.3 Die Oordjeugraad vergader ten minste een (1) keer per jaar.

3.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Oordjeugraad word deur die Oordbestuur bepaal.

3.5 Keuringsproses Oordjeugleiers

Fase 1 - Uitnodiging

- a) Die proses begin met die uitnodiging deur die Adjunkoordleier Verkennersake of Oorddagbestuur aan alle Voortrekkerkommando's binne die betrokke oord om kandidate te nomineer.
- b) Die datum vir inhandiging van nominasies by die betrokke oord, moet in die uitnodiging vervat wees.
- c) Alle genomineerde kandidate moet ingeskrewe lede van *Die Voortrekkers* wees.

Fase 2 - Voorafopdragte

- a) Na aanvaarding van die nominasie kan opdragte aan die betrokke kandidate gegee word.
- b) Die opdragte moet op 'n bepaalde datum by die toegewysde volwasse lid ingedien word.
- c) Opdragte kan insluit om getuigskrifte te bekom van persone soos kommandoleier, predikant, skoolhoof, Voortrekkermaat, nie Voortrekkermaat of ander waarop die betrokke oordbestuur besluit.

Fase 3 – Keuringspaneel

Die oorddagbestuur en oordvoog(de) wys 'n paneel van evalueerders aan vir die keuringsproses.

Fase 4 – Keuringsgeleentheid

Die keuringsgeleentheid kan die volgende insluit:

- a) Assessering van leierseienskappe.
- b) Individuele onderhoude.
- c) Lewering van toesprake.
- d) Assessering van voorafopdragte.

Fase 5 - Aanwysing

Die keuringspaneel maak die name van die verkose oordjeugleiers bekend.

4 GEBIEDSJEUGRAAD

4.1 Samestelling

Die Gebiedsjeugraad bestaan uit:

- 4.1.1 Die Gebiedsjeugleiers
- 4.1.2 Die Adjunkgebiedsleier Verkennersake
- 4.1.3 Gebiedsjeugraad voog/de soos aangewys deur die gebiedskomitee Verkennersake.

4.2 Doel

- 4.2.1 Om 'n skakel te wees tussen die jeuglede van die betrokke gebied en die gebiedsbestuur.
- 4.2.2 Om as spreekbuis van die gebied se jeuglede op te tree.
- 4.2.3 Om aktiwiteite te beplan en te organiseer in samewerking met die gebiedskomitee Verkennersake.
- 4.2.4 Om effektief te kommunikeer met die kommandojeugleiers en inligting deur te gee.
- 4.2.5 Om deel te neem aan besluite wat tot voordeel van die gebied en *Die Voortrekkers* is.

4.3 Konstituering en vergaderings

- 4.3.1 Die adjunkgebiedsleier roep lede na vergaderings van die gebiedsjeugraad op.
- 4.3.2 Die gebiedsjeugraad vergader so dikwels as nodig, maar ten minste twee (2) keer per jaar.
- 4.3.3 Een van die gebiedsjeugleiers tree as voorsitter en een as sekretaris op.

4.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n gebiedsjeugraad is een (1) jaar vanaf Junie tot Mei van die daaropvolgende jaar.

4.6 Gebiedsjeugleiers

4.6.1 Keuringsproses

Fase 1 - Uitnodiging

- a) Die proses begin met die uitnodiging deur die gebiedskomitee Verkennersake aan alle Voortrekkerkommando's en/of gebiedskampe om kandidate te nomineer.
- b) Die datum vir inhandiging van nominasies by die betrokke gebiedskantoor, moet in die uitnodiging vervat wees.
- c) Alle genomineerde kandidate moet ingeskrewe lede van Die Voortrekkers wees.

Fase 2 - Voorafopdragte

- a) Na aanvaarding van nominasie kan opdragte aan die betrokke kandidate gegee word.
- b) Die opdragte moet op 'n bepaalde datum by die toegewysde volwasse lid ingedien word.
- c) Opdragte kan insluit om getuigskrifte te bekom van persone soos kommandoleier, predikant, skoolhoof, Voortrekkermaat, nie Voortrekkermaat of ander waarop die betrokke gebiedskomitee besluit.

Fase 3 – Keuringspaneel

Die adjunkgebiedsleier Verkenners en gebiedsjeugraadvoogde wys 'n paneel van evalueerders aan vir die keuringsproses.

Fase 4 – Keuringsgeleentheid

Die keuringsgeleentheid kan die volgende insluit:

- a) Assessering van leierseienskappe.
- b) Individuele onderhoude.
- c) Lewering van toesprake.
- d) Assessering van voorafopdragte.
- e) 'n Meningsopname deur die Verkenners teenwoordig.

Fase 5 - Aanwysing

Die keuringspaneel maak die name van die verkose gebiedsjeugleiers bekend.

Fase 6 - Nasionale jeugleiers

Die adjunkgebiedsleier Verkennersake en betrokke Gebiedsjeugraadvoogde wys die gebiedsverteenvoordigers op die nasionale jeugraad aan.

5. NASIONALE JEUGRAAD EN NASIONALE JEUGLEIER

5.1 Samestelling

Die Nasionale jeugraad bestaan uit:

- 5.1.1 Verteenvoordigers van die onderskeie gebiede:
 - a) Transvaal - Twee (2) Gebiedsjeugleiers.
 - b) Vrystaat - Twee (2) Gebiedsjeugleiers.
 - c) Kaapland - Drie (3) Gebiedsjeugleiers (Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap).
 - d) Namibië - Een (1) Gebiedsjeugleier.
- 5.1.2 Nasionale jeugraadvoog/de soos aangewys deur die NK Verkenners.

5.2 Doel

- 5.2.1 Om 'n skakel te wees tussen die jeugleiers van die onderskeie gebiede en die hoofbestuur.
- 5.2.2 Om as spreekbuis van alle jeuglede binne *Die Voortrekkers* op te tree.
- 5.2.3 Om kommunikasie tussen die Nasionale jeugraad en Gebiedsjeugrade te verseker.
- 5.2.4 Om op te tree in 'n raadgevende hoedanigheid vir die hoofbestuur ten op sigte van sake wat jeuglede raak.

5.3 Konstituering en vergaderings

- 5.3.1 Die Adjunkhoofleier Verkenners roep die betrokke gebiedsjeugleiers byeen.
- 5.3.2 Die Nasionale jeugraad vergader so dikwels as nodig dmv elektroniese medium.

5.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van die Nasionale Jeugraad is een (1) jaar vanaf Augustus tot Julie van die daaropvolgende jaar.